
DIE SWART LUIPERD
No. 48
Monster van die Moerasse

Een van die inboorlinge slaan die Luiperdman oor die nek met die swaar steel van die roeispaan. Voor hom bars die sterre in die donker oop. Hy wankel op sy voete rond. Daar is 'n suising in sy kop. Dit word dof voor sy oë en die volgende oomblik staan hy op sy knieë. Hy probeer op sy voete kom en slaag in werklikheid daarin, maar soos 'n dronke steier en swaai hy oor die grond. Die krygers het weer 'n kring om hom gegooi en wanneer hy teen hulle vasloop, gryp hulle hom en slinger hom in die kring terug onder woeste gelag en uitjouery. En toe een van hulle vinnig buk en hom op die krop van sy maag slaan, voel die Swart Luiperd hoedat die laaste krag in hom vergaan. Hy stort vooroor en val met sy gesig in die koel, donker grond.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Die Waterleeu | 3 |
| 2. | Skrik in die Nag | 11 |
| 3. | Monster in die Moeras | 19 |
| 4. | Swart Manhaar | 27 |
| 5. | Vreemde Pyltjie | 35 |
| 6. | Gees van Tala | 44 |
| 7. | Die Lem Beslis | 54 |
| 8. | Wraak van die Krokodil | 63 |
| 9. | Nag-drama | 73 |
| 10. | Die Waters Wag | 84 |


## Hoofstuk 1

## DIE WATERLEEU

Toe die ruiter die hoë angskreet deur die oerwoud hoor weergalm, hou hy sy swart hings meteens in onder die reuse-boom en konsentreer op die wêreld voor hom. Hy bevind hom in 'n betreklike nou oerwoudpad wat seker 'n tweehonderd tree voor hom reguit strek tussen die groot boomstamme en die ruigtes deur.

Dalk is dit maar 'n vreemde aap wat hy hoor skreeu het. Hierdie deel van die woud ken hy nie, maar hy weet goed genoeg dat elke nuwe deel van die oerwoud sy eie geheime bewaar. Hy het al gehoor van ape wat soos mense skreeu wanneer hulle beangs is. Maar toe hy die kreet weer hoor, is die groot ruiter wat so massief in die saal sit, oortuig daarvan dat dit nie die angskreet van 'n aap is nie. Dit is 'n mens wat daar geskreeu het. En toe hy stip voor hom uitkyk met die oerwoudpaadjie langs, sien hy meteens die vlugge beweging.

En op daardie selfde oomblik hoor hy ook die diep aanvallende gegrom van een van die groot ape.

Dit is 'n inboorling wat hier in die oerwoudpad aankom en dit lyk asof die man klein word soos hy hardloop.

En reg bo hom swaai van boom tot boom, met die grootste gemak en met dodelike doelbewustheid een van die grootste gorillas wat die ruiter nog gesien het. Die takke kners en kraak soos hy met sy groot gewig aan die bobbejaantou swaai reg bo die stormende skepsel.

En terwyl daardie groot grommende aap van die een boom na die ander swaai, vat-vat hy met sy een hand na die vlugtende inboorling. En elke keer wanneer dit gebeur, lyk dit asof 'n ongesiene hand daardie inboorling vasgryp en hom vinniger vorentoe ruk. Hy is 'n lang, lenige skepsel en hy hardloop met daardie ongelooflike vaart waartoe slegs sekere inboorlingstamme in die

donker reënwoude van Afrika in staat is.

Maar die volgende oomblik gebeur die onvermydelike. Daardie lang harige arm het ver genoeg uitgeskiet, en daardie kragtige hand wat die loop van 'n geweer kan buig, het die vlugteling aan sy skouer vasgegryp. Met 'n bloedstollende kreet word die vlugtende inboorling half in die lug opgeruk, sy een arm swaaiende, sy voete skoppende, en sy hele liggaam rukkende soos dié van 'n dier wat in sterwensnood verkeer. En oor alles heen die diep oorwinnende gegrom van die gorilla.

Die massiewe harige monster swaai met sy slagoffer tot in 'n groot mik, seker nie meer as twintig tree van die ruiter af wat hierdie aaklige skouspel sit en dophou nie. Die groot aap het sy hande vol om die worstelende inboorling onder bedwang te kry daar waar hy in die mik staan. Hy ontbloot sy groot slagtande en 'n oomblik verloor hy amper sy ewewig daar waar hy staan. Maar dit is heeltemal duidelik dat dit net 'n kwessie van 'n paar oomblikke is voordat hy daardie spartelende skepsel in sy harige arms en teen sy groot bors sal vergruis.

Dit is net toe die groot aap met 'n skielike beweging van sy liggaam trag om die inboorling omhoog te ruk om hom teen sy bors vas te druk, toe hy sterf waar hy staan.

Die gorilla los 'n ongelooflike kreet, verloor sy greep op die inboorling wat grond toe stort, en toe slaan hy self met 'n onaardse gebrul uit die mik agteroor en val met 'n dowwe slag op die aarde neer, waar hy 'n worstelende orkaan word van swaaiende arms en kappende pote. Met beangste roggelkrete gryp hy aan die pyl wat hom in die kuiltjie getref het en probeer dit uitruk. Hy slaag ook daarin, want sy krag is groot. . . maar dit is te laat. Daardie swaar pyl het sy rugmurg getref.

Want die ruiter wat nou stadig nader beweeg, weet presies waar jy 'n gorilla moet skiet as jy hom oombliklik wil dood.

Die inboorling steier stadig orent daar waar hy geval het en hy huil en lag deurmekaar, want die vrees het hom skoon histeries





gemaak. Hy slaan met sy vuiste op sy bors, sy oë is wit omgedop en oor sy lippe kom sinlose woorde sonder enige betekenis.

Blykbaar het die angs van sy vreesaanjaende ondervinding met die gorilla hom totaal oorweldig. Maar toe hy opkyk en die eienaardige gedaante hier voor hom sien, toe lyk dit asof hy totaal waansinnig word. Hy slaan reg agteroor teen die dik stam van die boom, sy bene vou onder hom en toe lê hy daar en staar op na die ruiter wat hier by hom kom stilhou het. Sy hande is bewend omhoog gestoot, sy asem jaag van blote angs en sy hele liggaam tril. Af en toe sluit hy sy oë krampagtig, dan swaai sy kop heen en weer.

,,Duiwel van die Woud,'' skreeu hy, ,,laat my staan! Duiwel van die Woud,'' skreeu hy weer, ,,ek sal offerande bring. Ek sal die grootste bok gaan skiet en offerande bring. Laat my staan, Duiwel van die Woud.''

,,Ek het jou gered,'' sê die ruiter. ,,Ek het die groot aap doodgemaak, en dan noem jy my die Duiwel van die Woud?''

Die inboorling kom stadig tot bedaring maar sy hele liggaam tril van die angs terwyl hy na die vreemde gedaante hier voor hom staar. Eindelik sukkel hy stadig orent en steek 'n bewende vinger na die vreemdeling uit: ,,Oerwoudman,'' prewel hy. ,,Dit is die Luiperdman! Ek het gehoor van die man wat luiperd is en wat ook mens is, toe ek nog jonk was. Nou sien ek hom met my eie oë.'' Totaal oorstelp draai hy om, kyk om die stam en sien dat die gorilla nou botstil lê, terwyl die bloed uit sy keel spring.

Hy steek 'n bewende hand na die ruiter uit. ,,Die man wat half luiperd is, het my gered,'' roep hy uit. Hy val op sy knieë, sluit sy hande bo sy kop saam en staan so in biddende bewondering.

,,Staan op, Katemba,'' gelas die ruiter. ,,Die Luiperdman is jou vriend.''

Die vrees verdwyn uit die skepsel se oë. Hy kom weer orent en op sy hele gelaat is daar nou 'n onbeskryflike bewondering vir hierdie man wat sy lewe gered het. ,,Katemba?'' sê hy. ,,Die

Luiperdman weet ek is Katemba?"

Die groot Suid-Afrikaner met sy luiperdmondering glimlag sagweg. ,,Ek ken die Katemba," sê hy. ,,Ek ken jou aan die snye oor jou voorhoof en die bulte oor jou wange waar hulle jou gebrand het toe jy jonk was. Ek sien die groot meskerwe op jou bors waar hulle jou gesny het die dag toe jy 'n man geword het. Ek ken jou hoofman Maloeta, hy is 'n goeie hoofman. Jy is 'n Katemba."

Die Katemba-kryger staan daar en vir hom is die man op die groot swart hings op hierdie oomblik soos een van sy afgode. Die dapperste onder die dapperes. Die sterkste onder die sterkes, die man wat alles weet wat aangaan tussen die sterre en anderkant die son.

,,Die Luiperdman," fluister hy net en in sy stem is daar oneindige bewondering. Hy kyk 'n bietjie agterdogtig na die twee jagluiperds wat saam met die Luiperdman opgedaag het en wat nou ewe op hul gemak 'n entjie van hulle af sit.

,,Hulle sal niks vir jou maak nie, Katemba," sê die Luiperdman. ,,Hulle val net aan as ek sê, en ek sê net, hulle moet aanval wanneer ék aangeval word. Wat het jy dan gemaak dat die gorilla jou gejaag het? Hoe het jy gewerk dat die groot aap jou gevang het?"

Hy skud sy kop en die sweetdruppels swaai in sy oë. ,,Dit was 'n kleintjie," sê die Katemba. ,,Ek het met die pad aangehardloop gekom, toe die kleintjie oor die pad loop en ek in 'n val hardloop. Die aap het gedink ek wil die kleintjie doodmaak. Toe het hy my gejaag. Ek het hom uitgeloop, maar toe gryp hy die bobbejaantou en hy swaai agter my aan. Geen man wat hardloop, kan voorbly as die ander aan die bobbejaantou swaai nie."

,,Waarheen hardloop jy dan, Katemba?"

Hy skud sy kop 'n paar maal en vee die sweet van sy voorhoof af. ,,Die Katemba hardloop na die wit bwana."

,,Na die wit bwana?" vra die Luiperdman.

Die Katemba knik. ,,Die groot Maloeta het my na die wit bwana gestuur om te gaan vra dat die wit bwana moet kom help."





,,Moet kom help? Waarmee moet hy kom help?"

Die Katemba se oë word groot en blink. Hy kyk oor sy skouer asof hy bang is dat die bome hom sal hoor. Hy staan nader aan Donker, die groot ryperd van die Swart Luiperd. ,,Die Katemba," sê hy half fluisterend, ,,gaan dood. Dan een, dan twee. Maar hulle gaan aanhou dood, Luiperdman."

,,Katemba gaan dood? Waarom gaan die Katemba dood?"

Die skepsel staan nog nader aan Donker. Dit lyk asof hy voor hom 'n aaklige visioen sien. Dit lyk publiek asof hy die dood self aanskou. Want die sweet bars opnuut op sy voorhoof uit, sy dik lippe bewe en sy hele liggaam tril soos 'n riet. ,,Dit is die leeu," sê hy. ,,Dit is die waterleeu."

,,Waterleeu?" sê die Swart Luiperd met 'n kort laggie. ,,Daar is nie so 'n ding soos die waterleeu nie, Katemba."

Die inboorling se kake is opmekaar geklem. Die sweetdruppels rol van sy voorkop af tot in die hoeke van sy oë, langs sy wange af tot in die hoeke van sy mond. Hy is 'n swart skepsel maar dit lyk asof die vrees sy gelaat verbleek het. ,,Dit is die waterleeu," sê hy. ,,Hierdie leeu bly in die water."

,,Nee, nee," sê die Luiperdman. ,,Geen leeu hou in die water nie, Katemba."

Die skepsel stoot sy hande uit. ,,Maar hierdie leeu, hy kom uit die water, Luiperdman. Ek het hom gesien. Ek het sy spoor gesien en ander manne het sy spoor gesien. Baie manne het sy spoor gesien uit die water kom. Die groot hoof Maloeta hy het gesien hoe die spoor van die waterleeu uit die water kom."

,,Watter water?" vra die Luiperdman.

Hy maak 'n wye beweging met sy arm. ,,Uit die groot water," sê die Katemba. ,,Die groot water wat loop en loop en loop oor die groot vlakte waar die bome groot is en waar daar omtrent nog geen mens was nie."

,,Ek verstaan," sê die Luiperdman. Hy weet wat die in-

boorlingman nou beduie. Hierdie sogenaamde waterleeu moet dan uit die Kwatara-moerasse kom. Die byna oneindige uitgestrektheid van vlak, byna staande water wat hier op die gelyktes vasgevang is en wat feitlik geen rigting het waarin dit kan beweeg nie. Dit is juis na daardie moerasse toe wat hy op pad is. Dit is die moerasse waardeur feitlik nog geen blanke gedring het nie. Talle private persone en talle ekspedisies het al die geheim van die Kwatara-moerasse probeer peil, maar nog nie een het daarin geslaag nie. Menige man het al daar sy lewe gelaat. Maar omdat die Luiperdman so 'n onweerstaanbare drang het om al die geheime van die oerwoud te deurgrond, het hy nou hierheen gekom om die Kwatara-moerasse binne te dring. By die pos van die kommissaris het hulle hom gewaarsku. Nog nie een blanke wat daardie moerasse binnegegaan het, het ooit teruggekeer nie. Hulle het òf verdwaal òf hulle het aan die een of ander natuurlike oorsaak omgekom. Maar hierdie onverskrokke man wat die dood al soveel keer ontwyk het, is vasbeslote om hierdie moerasse binne te gaan om te sien wat hulle kan oplewer.

,,Jy sê die leeu kom uit die groot water, Katemba?'' vra hy weer.

,,Ek sê so, groot Bwana,'' antwoord die Katemba. ,,Ek het met hierdie oë die spore gesien van daardie leeu,'' bevestig hy en beduie met sy vingers na sy oë. ,,Dit is die spoor van die groot leeu.''

,,En hierdie leeu vang die mense van die Katemba?''

,,Hy vang die mense van die Katemba, Luiperdman. Gister het hy die seun van die hoofman Maloeta gevang. Nou het Maloeta vir my gestuur na die groot wit bwana om te gaan vra dat die groot wit bwana moet kom help teen hierdie leeu wat in die water bly.''

,,En julle het al hierdie leeu gesien, Katemba?''

Hy skud sy kop vinnig en toe hy na die Luiperdman opkyk, is dit asof daar 'n vervoering in sy oë is. ,,Geen man het nog daardie leeu van die water gesien nie. Nog nie een nie. Ons het die bok





vasgemaak en gewag dat die leeu moet kom. Ons het die bok doodgemaak en die gif ingesit en gewag dat die leeu moet kom. Maar hy het nie gekom nie. Ons het gewag op die kant van die water met die pyl in die boog en die spiese, maar hy het nie gekom nie. Ons het al die jong vul daar by die water vasgemaak en gewag, maar hy het nie gekom nie. Gister het die seun van Maloeta langs die water geloop om sy bokke te gaan haal en toe het die leeu gekom en hom doodgemaak.''

,,En hom gevreet,'' vra die Luiperdman.

,,Nee, nie gevreet nie. Hierdie leeu vreet nie. Hy maak net dood. Hy maak net dood en dan loop hy.''

Die Luiperdman frons agter sy tiermasker. Dit moet 'n buitengewone leeu wees, dink hy. 'n Leeu wat in die water woon en wat net doodbyt en laat lê. Dan moet daar 'n fout wees. So 'n leeu bestaan seker nie. Dalk is dit maar die verbeelding van hierdie liggelowige skepsels. En tog, hierdie Katemba lyk so seker van sy saak. Dit lyk nie asof daar in hom bedrog is nie.

,,Die groot bwana is nie daar nie,'' sê die Luiperdman. ,,Hy is weg na die see toe.''

,,Die wit bwana is weg?'' vra die inboorling geskok.

,,Ja, die wit bwana is weg?'' sê die Luiperdman. ,,Maar ek sal saamry na die kraal van die Katemba. Ek sal gaan kyk na hierdie leeu wat in die water bly en wat net doodmaak en nie vreet nie.'' Daar kom verligting op die Katemba se gesig.

,,Dan loop ek saam met die Luiperdman terug na die kraal van Maloeta,'' sê hy. ,,Die Luiperdman sal die leeu vang wat in die water woon.''

Die Swart Luiperd swaai uit die saal, tel sy swaar pyl op wat nog steeds in die dooie gorilla se hand vasgeklem is, steek dit weer in die koker, swaai weer in die saal en toe trek hy en die Katemba vinnig met die voetpad af na die stat van Maloeta.

Hulle kom kort na die middag by die kraal aan en nadat die Swart Luiperd vir Maloeta gegroet het, word hy na die hut geneem

waar die jong inboorling lê. Die Swart Luiperd betrag hom. Die skepsel se nek is gebreek. Sy liggaam is aaklig vermink.

En toe die Luiperdman noukeurig na die lyk kyk, bemerk hy iets wat hom sy asem vinnig laat inruk. . .





## SKRIK IN DIE NAG

Nadat hy noukeurig na die lyk van die jong Katemba gekyk het, kom die Luiperdman orent en kyk na die gryse ou Maloeta. Hy sien die vraag in die ou kaptein se oë.

,,Ja, Maloeta,'' sê die Luiperdman, ,,dit is die leeu wat so doodmaak. Die nek is gebreek. En die skeure aan die liggaam is die werk van die leeu se naels. Ja, dit is die leeu.''

Ou Maloeta knik. ,,Ja, dit is die leeu, Man van die Woud,'' sê hy. En toe kyk hy weer verdrietig af na die lyk van sy jongste seun.

Die Luiperdman kyk ook weer na die lyk, maar hy sê niks verder nie, want blykbaar het die Katembas nie raakgesien wat hy raakgesien het nie. Die hele lyk is geswel en opgehewe. Daardie snye van die naels het geswel totdat hulle lyk soos blink sambokhale. Die Luiperdman sê net: ,,Hierdie leeu is anders, Maloeta. Daar is gif in sy naels.''

Die ou Hoofman knik net weer. ,,Ja,'' sê hy, asof hy maar net agterna praat wat die Luiperdman gesê het, ,,daar is gif in die naels.''

Toe lei hy die Luiperdman en die paar Indoenas by die hut uit, terug na sy eie hut. ,,Ek wil die spoor van hierdie leeu sien, Maloeta,'' sê die Luiperdman. Sonder meer swaai die ou hoofman weg en lei die Luiperdman en sy paar raadsmanne weg in die rigting van die groot Kwatara-moerasse wat hier, nie ver van die stat af nie, begin. Hy neem die Swart Luiperd eers na die oewer van die moerasse. By die groot en digte rietbos gaan hy staan. Wys met sy maer hand na die sagte klam grond langs die water.

,,Hier het hy uitgekom,'' sê Maloeta. En toe die Swart Luiperd afkyk, sien hy tot sy verbystering dat die leeuspoor in werklikheid uit die water kom. Hy stap 'n entjie op die spoor en hy sien dat dit die spoor moet wees van 'n groot maanhaarmannetjie.